

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA GRAAN SA	DATUM	DATUM		+ - LAST WEEK		BY DIE GELD PUT OPSIE			
	2018/03/20	2018/03/19		2018/03/12					
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	WM	YM	
DJIA-index	24947	0.43	0.0%	24947	1.7%	24538	JULIE '18 TERMYNPRYS	R 2 025.00	R 2 090.00
Goud (Spot)	1316.48	4.80	0.4%	1311.68	-0.8%	1326.58	PUT TREFFPRYS	R 2 040.00	R 2 100.00
Brent \$/vat	66.26	0.34	0.5%	65.92	2.6%	64.61	PUT PREMIE	R 105.31	R 100.31
1 € / US\$	1.2336	0.006	0.0%	1.2341	0.1%	1.2324	MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 934.69	R 1 999.69
1 US\$ / ZAR	12.02	-0.280	-2.3%	12.30	0.3%	11.99			
Corn	R 1 779.24	-51	-2.8%	R 1 830.37			* CBOT Corn Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May 12:00 the previous day		
Wheat	R 1 989.00	-60	-2.9%	R 2 048.75			* CBOT Wheat Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day		
Soybeans	R 4 485.08	-154	-3.3%	R 4 638.76			* CBOT Soy Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day		
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)						WEEK NR.	MIELIE UITVOERE		
Corn May 18	376.00	-2.00	-0.5%	378.00		45	WM	YM	TM
Wheat May 18	455.00	-3.00	-0.7%	458.00			9 512	4 498	14 010
Soybeans May 18	1026.00	-11.00	-1.1%	1037.00			619 424	1 396 922	2 016 346
PLAASLIKE MARKINLIGTING						Daaglikse pariteitspryse gelewer in Randfontein	UITVOERBAAR	1 850 000	4 350 000
SORGHUM Mar '18	3698.00	0.00	0.0%	3698.00	3592.42	1727.23	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	25%	76%
WMAZ Spot	1936.00	-1.00	-0.1%	1937.00	3772.75	1550.60	TEMPO/WEEK BENODIG	268 654	64 725
WMAZ May 18	1984.00	-10.00	-0.5%	1994.00	3337.09	1668.56	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WMAZ Jul 18	2025.00	-13.00	-0.6%	2038.00	3370.07	1700.89	WEEK TOTAAL	5 299	7 988
YMAZ Spot	2006.00	7.00	0.4%	1999.00	3229.11	1550.60	JTD TOTAAL	9 650 216	6 544 387
YMAZ May 18	2056.00	-7.00	-0.3%	2063.00	3337.09	1668.56	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250
YMAZ Jul 18	2090.00	-5.00	-0.2%	2095.00	3370.07	1700.89	% GELEWER VAN OES	100%	101%
SOY Spot	4615.00	16.00	0.3%	4599.00	6263.78	4123.48	TEMPO/WEEK BENODIG	-1 067	-13 305
SOY May 18	4682.00	23.00	0.5%	4659.00	6522.81	4264.73	KORING INVOERE		
SUN Spot	5250.00	164.00	3.2%	5086.00	5747.01	4006.17	2017/18	2016/17	5 J. GEM
SUN May 18	4905.00	20.00	0.4%	4885.00	6522.81	4264.73	WEEK TOTAAL	55 958	29 807
WHEAT Spot	3795.00	59.00	1.6%	3736.00	4080.88	1661.38	JTD TOTAAL	1 142 693	387 007
WHEAT May 18	3834.00	54.00	1.4%	3780.00	4994.83	2452.11	TOTAAL BENODIG	2 000 000	930 728
WHEAT Jul 18	3837.00	57.00	1.5%	3780.00	5065.18	2521.07	JTD AS % VAN BENODIG	57%	41.6%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand het gister meestal in 'n nou verhandelingsband verhandel en is vanoggend relatief onveranderd vanaf die vlakke waarteen dit gister-middag met marksluiting verhandel het. Die rand verhandel vanoggend teen R12.02/\$. Die hoofokus in die plaaslike mark is meer weg van die politieke omgewing af en word daar nou veral na die fiskale beleid gekyk en hoe die stimulasie van die ekonomiese groei plaaslik bevorderd sal word daardeur. Die hoofokus hierdie week sal ook grootliks op die aankondiging van Moody's wees wat Vrydag die Suid Afrikaanse kredietgradering sal bekend maak en beleggers sal hierdie gradering fyn dophou. Die Amerikaanse Federale Reserwebank het ook môre hul vergadering rakende die rentekoersbeslissing en die algemene gevoel in die mark is dat die bank moontlik die Amerikaanse rentekoers kan opsit en dit plaas oor die algemene druk op die ontluikende lande se geldeenhe. Op die kommoditeitsfront het die Brent ru olie pryse gister weer versterk tot die hoogste vlakke in twee weke en verhandel tans teen \$66.26/vat.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister onder druk gekom en het laer verhandel hoofsaaklik as gevolg van 'n oorspoel effek vanaf die ander markte wat skerp laer gesluit het. Die Amerikaanse mieliemark het die laaste ruk goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel hoofsaaklik as gevolg van die sterker vraag wat die laaste tyd gesien was in na Amerikaanse mielies met die onsekerhede rakende die Suid Amerikaanse produksieverwachtinge vir die seisoen. Privaat uitvoerders het gister weer uitvoerverkope van 205 751 ton aan die USDA gerapporteer. Dit is vir lewering aan Japan in die 2018/19 bemarkingsseisoen wat 1 September 2018 sal begin. Daar is ook uitvoerverkope van ongeveer 114 000 ton gerapporteer vir lewering aan onbekende bestemmings wat gaan plaasvind in die huidige seisoen. Die weeklikse uitvoeringspesies wat gerapporteer was het verlede week ongeveer 1.4 miljoen ton bereik wat aan die hoë kant van die gemiddelde handelsverwachting was en ook hoër was as die vorige week se uitvoere. Die goeie vraag na die Amerikaanse mielies bied ondersteuning aan die Amerikaanse mark wat die laaste tyd heelwat sterker verhandel het. Die nuwe seisoen aanplantings in die USA het al begin en dit vorder goed en die sterker Amerikaanse pryse kan die produsente daar aanmoedig om meer mielies te plant hierdie seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister onder druk gekom en het effens laer gesluit vir meeste van die kontrak maande wat tans gelys is van beide wit en geelmielies. Die plaaslike mark het die laaste tyd ook goeie ondersteuning gevind met die internasionale pryse wat sterker verhandel het, maar die plaaslike pryse toename was ook redelik in lyn met die algemene tendens. Die plaaslike produksietoestand lyk steeds redelik goed en die nuwe seisoen se strooptyd behoort ook in die volgende paar weke te begin wat die nuwe seisoen voorraad sal begin mark toe bring.

Sojabone: Die internasionale sojaboonpryse het gister skerp onder druk gekom en het laer verhandel nadat daar goeie reën oor groot gedeeltes van die Argentinië voorgekom het oor die naweek. Die droë weer wat meestal in Argentinië geheers het, het goeie ondersteuning gebied aan die internasionale pryse die laaste paar weke. Beide die Amerikaanse Mei en Julie kontrak het gister skerp laer gesluit terwyl die sojaboonmeelpyryse gister ook dubbel syfer verliese getoon het. Die Amerikaanse uitvoeringspesies vir die week wat ongeveer 490 000 ton bereik het was laer as die gemiddelde handelsverwachtinge in die mark wat ongeveer 850 000 ton was. Die weeklikse uitvoere was ook laer as die vorige week se uitvoere en dit het die gemiddelde tempo wat benodig word om by die jaarlikse USDA skatting uit te kom verhoog. Die laer Amerikaanse uitvoere vir die week was as gevolg van die relatiewe lae aankope van Sjina hierdie week. Oor die algemeen gaan ongeveer 60% tot 70% van die weeklikse uitvoere na Sjina waar daar hierdie week slegs ongeveer 25% van die weeklikse uitvoere aan Sjina was. Die jaar tot datum Amerikaanse uitvoere van sojabone vir die huidige seisoen is ongeveer 12% laer as die jaar tot datum uitvoere van die vorige seisoen se uitvoere. 'n Groot gedeelte van die internasionale uitvoere was hierdie seisoen vanaf die Suid Amerikaanse lande gedoen gewees, maar met die laer voorraad wat daar beskikbaar is, is die fokus vir die uitvoere weer besig om al hoe meer na die USA te verskuif. Die USA het steeds groot voorrade beskikbaar en die nuwe seisoen aanplantings begin ook nou. **Plaaslik:** Die plaaslike oliesade mark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is van beide sojabone en sonneblomsaad. Die sonneblomsaad mark het gister goeie ondersteuning gevind en die Maart kontrak het R164/ton hoër gesluit.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister die grootste verliese getoon van al die kommoditeite nadat daar goeie reën voorgekom het oor groot gedeeltes van die Amerikaanse pleine oor die naweek. Al drie die Amerikaanse koringmarkte het gister laer verhandel met die harde rooi winter mark wat die grootste verliese vir die dag getoon het gevolg deur die sagte rooi winter koring en die lenteskoring markte wat ook beide laer gesluit het vir die dag. Die Amerikaanse koring uitvoeringspesies vir die week was ongeveer 440 000 ton wat meer was as die gemiddelde handelsverwachtinge vir die week wat ongeveer 350 000 ton was en ook hoër as die vorige week se uitvoere. Marokko was die grootste bestemming vir die Amerikaanse uitvoere vir die week. In die EU is die verwagtinge dat die gemiddelde koring opbrengs vir die seisoen ongeveer 1.4% hoër behoort te wees as die vorige seisoen se opbrengs met die produksietoestand daar wat redelik goed lyk. In die ander internasionale handel het Japan 'n algemene tender om voedsel kwaliteit koring aan te koop vir invoer en dit kan vanaf die USA of Kanada verkry word. Die tender sluit Donderdag. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande ten spyte van die laer pariteitspryse vir die dag. Die koring invoer tarief is verlede week vir die tweede agtereenvolgende week laer gewees en afhange van die internasionale prys kan die tarief moontlik hierdie week laer trigger tot en met 'n vlak van onder R300/ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Michelle Mokone en Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za / luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

